

Gepubliseer op:

# Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

[www.enigstetroos.org](http://www.enigstetroos.org)



# Die geboortegeskiedenis van Isak

---

## *Reeks preke oor die openbaring van die HERE se verbond en uitverkiesing in die geboortegeskiedenis van Isak*

**Dr AH Bogaards**

**2012**

### **Preek 1**

Lees: Gen.25:19-21; Matteus 1

Teks: Gen.25:19-21; Matteus 1:1,2,20 (Isak: nr.1)

Datum: 2 September 2012

Psalms: 113:1-3; Geloofsbelydenis; 25:1; 84:6; 146:3,8

## **1. Inleiding**

Daar is min dinge so mooi as om die geboorte van 'n kind te sien. As gelowige sê jy: Dit is God se werk. Hy alleen skep lewe.

Dieselfde moet ons sê van die ontstaan van die kerk: Die geboorte van die kerk is enkel en alleen God se werk. En dit het alles met sy verbond, met die krag van sy Woord en met die wonder van sy verbondstrou te make.

By hierdie wonder bepaal ek vandag dan u aandag: **DIE GEBOORTEGESKIEDENIS VAN GOD SE VOLK.**

Ons let dan op drie punte:

1. Die geboorte van die kerk
2. Die geboorte van die kerk en God se verbond
3. Die geboorte van die kerk en ons gebed

## 2.1. Die geboorte van die kerk

Die eerste Bybelboek het die veelseggende naam **Genesis**. Dié naam beteken **geboorte**.

Maar die naam **Genesis** het nie in die oorspronklike teks bo-aan die boek gestaan nie. Dit is eers baie later bygevoeg.

Die Jode self het die gewoonte gehad om (dikwels, nie altyd nie) die eerste woorde van 'n Bybelboek as opskrif bokant 'n boek te plaas. So staan daar in die Hebreeuse Bybel bo-aan Genesis: ***In die begin***. Dit is die eerste woorde van Genesis 1 vers 1: ***In die begin*** het God die hemel en die aarde geskape.

Waar kom ons dan aan die naam Genesis? Dit kom onder andere uit ons teks, uit Genesis 25: 19, waar ons lees: En dit is die **geskiedenis** van Isak ... Hierdie woord **geskiedenis** kan ons liever vertaal met **geboorte**. Dit is die betekenis van die Hebreeuse woord **toledot**, wat ons 1953-vertaling met **geskiedenis** vertaal. Baie eeue later het Jode die Ou Testament in Grieks vertaal, die sogenaamde Septuagint. En hulle het inderdaad die woord **geskiedenis** vertaal met **geboorte** of - soos dit in die Grieks staan – **genesis**. Daarby het hulle die eerste Bybelboek die opskrif of naam gegee: **Genesis**, boek van die geboorte. Miskien kan ons dit nog beter vertaal met **geboortegeskiedenis**.

Maar al is dit so dat die naam **Genesis** nie oorspronklik bokant die eerste Bybelboek gestaan het nie, tog is dit 'n baie gepaste naam. Want dit gaan in hierdie boek inderdaad oor geboorte: Dit gaan oor die geboorte van hemel en aarde, maar dit gaan ook oor die geboorte van die kerk.

Terloops kan ek net noem dat die woord geboorte tien maal in Genesis voorkom en dat Genesis daarmee in tien dele verdeel word.

Met die woorde van ons teks ***dit is die geboortegeskiedenis van Isak*** begin daar dus 'n nuwe gedeelte. Dit strek vanaf Genesis 25:19 tot en met die einde van Genesis 35. In hoofstuk 36 begin die volgende geboortegeskiedenis.

Maar nou is daar tog iets vreemds as ons na ***die geboortegeskiedenis van Isak*** kyk: Want dit gaan eintlik nie oor Isak nie, maar oor Jakob en Esau! Ons moet daarom die woord geboorte of geboortegeskiedenis nie so verstaan dat dit nou sal gaan oor die geboorte en lewensgeskiedenis van Isak nie. Ons moet dit eerder so verstaan: Nou gaan ons sien wat

uit Isak gebore is, wat uit hom voortgekom het. Dit gaan oor die geboorte van die groot beloofde saad, die nageslag soos die sterre van die hemel in menigte. Dit gaan oor die geboorte van die kerk, wat van daardie belofte van God geword het.

Maar daarmee is nog nie alles gesê oor die woord *genesis* of *geboorte* nie. Dit gaan in Genesis naamlik nie maar net oor die geboorte van die kerksaad nie. Dit gaan oor baie meer: Genesis gaan oor die geboorte van die groot Saad van Abraham, die geboorte van Christus. Reeds hier in Genesis is die HERE besig om te werk aan sy geboorte, aan die koms van ons Here Jesus Christus in die vlees.

En u sal sien wat ek bedoel, as u na Matteus 1 gaan kyk: Ook die Nuwe Testament begin met die woordjie *genesis*. Daar in Matteus 1 vers 1 lees ons: Dit is ***die boek van die genesis, die boek van die geboorte van Jesus Christus*** ... So staan dit letterlik daar in die Grieks. En dan word in Matteus 1 (vv 1-2) onder andere Genesis 25:19 aangehaal as deel van die genesis of geboortegeskiedenis van Christus: Die boek van die genesis van Jesus Christus, die seun van Dawid, ***die seun van Abraham: Abraham was die vader van Isak*** ....

Die boek Genesis is daarom ten diepste die boek van die genesis van Jesus Christus. Hy is die beloofde Saad in wie al die geslagte van die aarde geseën sal word. Sy genesis, sy geboorte en werk, is ook die geheim van die genesis of geboorte van die kerk. Die twee kan nimmers as te nooit van mekaar losgemaak word nie.

En terloops wil ek die belangrike opmerking maak: Die woorde van Matteus 1 ***Dit is die boek van die genesis***, die boek van die geboorte van Jesus Christus, dit kan u gerus bokant die hele Ou Testament skryf as u mooi na Matteus 1 gaan kyk. Dit sê vir u heel presies waarom dit in die Ou Testament gaan. Dit is daarom nie vreemd dat Kohlbrugge die Ou Testament na aanleiding van Matteus 1 beskryf as wordingsgeskiedenis nie – die wording van Christus.

Maar ek wil die woord *genesis* of *geboorte* nog verder ophelder. Die geboorte van die kerk het ook alles met God se verbond, met sy Woord te make. Dit is die volgende:

## 2.2. Die geboorte van die kerk en God se Verbond, sy Woord

In die begin het God hemel en aarde geskape – deur sy Woord. Hy het gespreek en dit was daar – gebore UIT NIKS, gebore DEUR DIE WOORD.

En dieselfde het ons gesien in die lewe van Abraham, in die ontstaan van die kerk: Dit was ook 'n geboorte UIT NIKS, DEUR DIE WOORD. Uit die doodstoestand van die heidendom het die HERE Abraham getrek deur die krag van sy lewewekkende Woord.

En nou lees ons in Genesis 25 vers 19 lees ons: ***Dit is die geskiedenis van Isak, die seun van Abraham.*** En dan sê die skrywer dieselfde dadelik daarna net weer 'n bietjie anders: ***Abraham was die vader van Isak.*** Letterlik staan daar (net soos in Matteus 1:2): Abraham het Isak *verwek*.

Dit klink vir ons na onnodige herhaling, maar u moet weet: Dit is nie sommer vir niks dat die Bybelskrywer so breedvoerig sê dat Isak die seun van Abraham was en dan weer dat Abraham Isak verwek het nie.

Met die noem van die naam Abraham (vader van 'n menigte!) word ons ***herinner aan die HERE se verbondsluiting met Abraham.*** In Genesis 15 het die HERE aan Abraham belowe: Sy nageslag sal soos die sterre van die hemel in menigte wees. Dit het die HERE met 'n verbondsluiting bevestig. Die HERE het ook heel spesifiek aan Abraham gesê: Daardie nageslag sal uit Isak gebore word (Genesis 17). En u sal onthou hoe wonderlik dit daaraan toegegaan het met die geboorte van Isak: Abraham se liggaam en Sara se moederskoot was reeds verstorwe. Menslikerwys gesproke was dit onmoontlik dat daar 'n nageslag kon kom. Tog is Isak gebore: UIT DIE DOOD, UIT NIKS, DEUR DIE KRAG VAN GOD SE BELOFTEWOORD.

Ons sal die woord ***genesis*** dus so moet beskryf: wat God gebore laat word uit niks en net deur sy Woord.

Die hele vers 19 herinner ons dus aan die krag van God se beloftewoord en aan sy trou om te doen wat hy belof het.

En ons moet uit hierdie vers – 'n sleutelvers - weet dat ons in die geboortegesiedenis van Isak 'n voortsetting van dit alles gaan sien. Ons moet weet: Die Here alleen sal deur

sy trou die kerk verwek; die Here alleen sal net deur die krag van sy beloftewoord sorg vir die genesis van die kerk. Genesis is die genesis van God.

En hier moet ek weer terugkom by Matteus 1. In die oorspronklike Grieks staan daar telkens die woord *verwek* – net soos in Genesis 25:19. En elke keer word dit gesê van 'n mens wat 'n mens verwek: Abraham het Isak *verwek* en Isak het Jakob *verwek*, ens. MAAR wanneer Matteus by die geboorte, by die verwekking van Jesus kom, staan daar iets anders. Dan sê die engel: *wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees*. Dan word die man, die mens, uitgeskakel. En dit is om vir ons te sê: In die koms en werk van die Verlosser word die mens heeltemal uitgeskakel. Ons verlossing, die ontstaan van die kerk - dit is net God se werk.

Maar God se verbond en die geboorte van die kerk deur Hom skakel nie ons verantwoordelikheid uit nie. Daarby staan ons in die vervolg stil:

### 2.3. Die geboorte van die kerk en ons gebed

In vers 21 word van Rebekka gesê: *Sy was onvrugbaar*. Sy en Isak was al twintig jaar getroud en nog was daar geen kind nie.

Nou is dit onder normale omstandighede alreeds vir ouers moeilik as hulle nie kinders kry nie, sê Calvyn. Maar by Isak kom daar nog 'n besondere rede by, waarom dit vir hom des te swaarder was. Want hy het nie net verwag dat volkere uit hom gebore sou word nie, maar die Christus. En omdat hy dit geweet het, het hy as 't ware op die rand van die hel geleef as hy geen kinders sou kry nie.

Daarby het Isak en Rebekka sekerlik ook geworstel met die belofte van 'n nageslag soos die sterre aan die hemel in menigte, wat uit hulle gebore sou word. Maar mensliker wys gesproke, as dit van hulle sou afhang, sou daar van die belofte heeltemal niks tereggekome het nie. Dan sou daar geen kerk gewees het nie.

Hier kom ons vandag te staan voor 'n uitermate belangrike lewensles, sê Calvyn: Met die onvrugbaarheid van Rebekka het die HERE 'n baie besondere bedoeling gehad. In die onvrugbaarheid van Rebekka lê daar 'n belangrike onderrig ook vir ons opgesluit. En die les is dit: Ons moet leer dat die kerk deur hemelse krag en genade gebore word en groei.

Die kerk word nie gebore deur natuurlike middele nie. Die heilige saad word uit die hemel geskenk, sodat ons sal weet dat die kerk nie uit menslike inspanning voortkom nie, maar uitvloeiSEL is van God se genade.

Daarmee wou Calvyn doodeenvoudig dit sê: Net so min as wat ons die geboorte van kinders in ons hand het, net so min is die geboorte van die kerk in ons hande. Dit is God se werk. Hy bring mense tot geloof. Hy skenk ons kinders die bekering. Hy laat die getal van die kerk groei en Hy maak sy volk 'n skare wat niemand kan tel nie. Die kerk is ten diepste van hemelse herkoms en maakSEL van God se hande.

MAAR in die geboorte van die kerk skakel God **ONS VERANTWOORDELIKHEID** nie uit nie. Dit sien ons in die optrede van Isak en Rebekka.

Want wat hoor ons in ons teks? Isak het gebed: ***En Isak het die HERE gesmeek met die oog op sy vrou ....*** En dan die wonderlike: ***En HERE het hom verhoor.***

Wat leer ons hieruit? Dit: Langs die weg van die gebed kom die beloofde saad. In antwoord op die gebed van Isak vervul God sy belofte. So word Rebekka swanger en so word die kerk gebore.

Hoekom het die gebed so 'n geweldige dinamiek? Nee, dit is nie vanweë iets in onself of omdat ons so mooi bid nie! Maar die krag van die gebed is daarin geleë dat ons daarin 'n beroep doen op God se eie beloftewoord. ***Want Hy word nooit sy woord ontrou nie*** (Ps 84:6 – berymd). Ja, die geskiedenis van God se verbondstrou en die krag van sy beloftewoord in die lewe van Abraham en met die geboorte van Isak – dit staan nie verniet aan die begin van hierdie gedeelte nie: ***En dit is die geskiedenis van Isak, die seun van Abraham: Abraham was die vader van Isak.*** Nou sit die HERE daardie verbondsgeskiedenis en –trou voort.

Luther het die gebed eenmaal so beskryf: Dit is om die sak van God se beloftes te hou voor God se aangesig. In die gebed herinner ons God aan sy Woord. Nie dat God sy beloftes vergeet nie, o nee, maar God wil juis, langs die kanaal van die gebed, sy heil aan ons skenk. Daarom is die gebed van die kerk, van elkeen van ons, so enorm belangrik.

***Isak het die HERE gesmeek.*** So staan dit in vers 21. ***En die HERE het hom verhoor.*** Dit is ook weer sulke ryk woorde. Vir ***smeek*** staan daar 'n woord, wat beteken: ***ernstig***

*smEEK, ernstig om genade pleit, worstel.* Dit kan ook inderdaad beteken: 'n gebed by die offer. En die woord *verhoor*, dat die HERE Isak se gebed *verhoor* het, is van dieselfde oorsprong as die *smEEK*. Ons kan dit ook so weergee: *uit genade verhoor*. In die geskiedenis van Dawid in 2 Samuel 24:25 sien ons mooi die verband tussen God se genadige verhooring en die offers: Toe Dawid die volk getel het en die HERE die volk met pes getref het, het Dawid God gebid. En dan staan daar: ***Toe het Dawid daar vir die HERE 'n altaar gebou en brandoffers en dankoffers gebring; en die HERE het Hom oor die land ontferm*** (letterlik: genadiglik verhoor), ***en die plaag is van Israel afgewend***.

Wanneer ons bid om die geboorte van die kerk, is dit nooit 'n onseker saak nie, want dit is altyd 'n gebed by die offer van die kruis. Daarin lê ons gebedsekerheid!

### 3.Slot

Ek kan hierdie gedeelte oor die geboorte van die kerk nie beter saamvat as met die woorde van Johannes 1 vers 13 nie. Daar word van die geboorte van die kerk gesê: Dit is nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore.

Genesis is die genesis van God. Hy gee die genesis. Hy skenk die geboorte van sy kerk deur die geboorte van sy Seun. Hy gee die genesis deur sy Woord – die Woord wat vlees geword het, wat gebore is ... genesis!

Die OT begin met Genesis. Die NT begin met Genesis. Die hele Bybel is Genesis – geboorte van bo, deur God, deur sy Woord, deur sy Seun.

AMEN